## PERSPEKTIEF

*Dit is 'n voorreg om in die uitgawe 'n rede van die Rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te plaas. Hierdie rede is gelewer by geleentheid van die eeufeesviering van die Teologiese Skool verlede jaar. Na lees en herlees is ek getref deur die rykdom en omvangrykheid van die inhoud daarvan, en die leser word aangeraai om die gedagtegange in die stuk met konsentrasie te peil. Dit is ook 'n genoeë dat hierlangs 'n studie oor 'n aspek van die regswetenskap kan staan.*

*Dit is sekerlik nie sonder rede dat die hoër onderwys sedert sy vroegste jare as sentrale punt gehad het Wysbegeerte en Regte. Met die inslag van die Christendom van die derde eeu v.C. af het Teologie naas Wysbegeerte kom staan en saam met Regte 'n trio gevorm vir die geesteswetenskappe. Die vroeë kerkvaders Tertullianus, Lactantius, Ambrosius, Augustinus ens. was almal regsgeleerdes sowel as teoloë. Min mense weet dat Justinianus, wat die Romeinse reg kodifiseer, georden en sy finale inslag in die Westerse beskawing gegee het ook 'n teoloog was. Hierdie patroon is bestendig in die Middeleeuse Universiteit, die moeder van die moderne georganiseerde universiteit. Ten tyde van die Hervorming het Teologie en Regte nog hand aan hand vorentoe beweeg. Die meeste hervormers het ook in die Regte gestudeer, en dis nog 'n ope vraag watter aandeel die vorming van 'n studie in die Regte gehad het op die logiese denke van Calvyn. Die naam „Institusie" vir sy groot werk wys direk in die rigting.*

*Die geskiedenis van die ontstaan van baie universiteite getuig dat die Teologie en sy praktiese flank die opleiding van predikante die basiese motivering was vir die stigting van 'n groot aantal universiteite: o.a. in Switserland, Nederland, Amerika, Australië. In Suid-Afrika is die bekendste die Universiteite van Stellenbosch en Potchefstroom. Selfs die beginpunt van die Universiteit van Kaapstad was in die konsistorie van die Groote Kerk te*

*Kaapstad met die totstandkoming van die Athenaeum, later ingelyf by die South African College, die voorloper van die Universiteit van Kaapstad.*

*Histories en prinsipieel gesien moet dit dus 'n groot aanwins, so nie 'n noodsaaklikheid beskou word dat die moderne universiteit 'n fakulteit Teologie in die ry van sy fakulteite kan tel. Ek weet nie of ek dit as 'n gelukkige situasie moet beskou dat ons fakulteite van Teologie almal streng konfessioneel- en kerkgebonde is nie. Die motivering daarvoor is voor-die-hand-liggend, maar die resultaat daarvan is dat Teologie al 'n soort prerogatief vir predikantopleiding geword het, en daarmee is die heilsame, en ek wil beweer noodsaaklike, invloed op die ander dissiplines aan die Universiteit ingeperk en soms moedswillig ontsenu. Dit is 'n situasie wat in die toekomstige ontwikkeling van ons universiteite m.i. aandag verdien.*

*Deur die instelling van die kursus Bybelkunde as 'n erkende kursus vir die B.A.-graad word 'n belangrike deur geopen vir deurwerking van die Teologie op ander terreine. Hiervan het ek baie hoë verwagtings in die toekoms. Aan die P.U. vir C.H.O. word die kursus nou ook nagraads aangebied tot op die vlak van die doktorsgraad. Die uitbreiding van personeel aan die Teologiese Skool en in die fakulteit Teologie as gevolg van die behoeftes deur Bybelkunde gestel, skep die moontlikheid van 'n aansienlike paneel van teoloë wat in die toekoms vir die uitbouing van die Teologie baie kan beteken.*

*Om hierdie aangeleentheid in verband te bring met die Rektor se feesrede in hierdie uitgawe kan met dankbaarheid gekonstateer word dat die invloedkring van die Teologie wyer en wyer uitdy.*

*Maar die perspektief van die stigtersgeslag van die Teologiese Skool 'n eeu gelede was ook gerig op die onderwys en opvoeding. Dat die nasionale bygehaal is kan maklik verstaan word, destyds en vandag, want wie volkvreemd is word ook baie gou kerkvreemd. Die saak gaan egter baie dieper as om die volk met 'n muur in te sluit. Dit sekerlik wel ook,*

*en dit loop uiteindelik miskien ook daarop uit: maar die vorming van leiers uit die regte klip gekap is enige volk se behoud of die gebrek daarvan sy ondergang. Ek pleit net vir soepelheid in die vertolking van die innerlike vorming van die toekomstige leiers. Christelike kultuur- en beskawingsoordrag is noodsaaklik, en daardeur die prinsipiële inslag van die jeug. Maar ons moet oppas vir veruitterliking en oorwaardering van sake wat nie werklik fundamenteel is nie. Ons moet rekening hou met die tydgebondenheid van baie aangeleenthede, en afstuur op die werklike prinsipiële. Ek erken dit is 'n uiters moeilike onderskeidingsprobleem, maar die leier van vandag wat dit kan doen sal die leier van môre die regte vorming kan gee. Wie nie die soepelheid aan die dag lê nie, kan seker wees dat hy opstandelinge en ankerlose mense kweek; mense wat verwerp sonder om iets substansieel in die plek daarvan te stel. In 'n meer komplekse lewe as ons voorvaders word die eise al hoër gestel, ook met die oog op ons eie landsprobleme van hierdie en volgende dekades. Ek is oortuig daarvan dat die Teologie hiervoor 'n geseënde bydrae kan lewer en invloed kan uitoefen.*

*'n Laaste maar miskien die belangrikste boodskap uit ons verlede: laat die moed, geloof en inspirasie ons nooit ontbreek nie. Skril en skokkend is aanvanklik die berigte oor volksfeeste. Suiwer en treffende gedagtes word deur toesprake in die midde van die volk gelê; maar dan volg 'n slotparagrafie: ± 150 mense het die byeenkoms in die stadsaal bygewoon of 100 mense was teenwoordig, en dit in stede en dorpe, waarvan Afrikaners die oorgrote meerderheid van die bevolking uitmaak. Inhoudelik gesien is daar niks verkeerd nie, maar is ons benadering effektief? Pas dit by die jaar 1970, of is dit nog op die lees van die jare voor ons Republiek geskoei of selfs nog voor 1948?*

*'n Slotopmerking. Dit pas by die doelwit van „Koers", om wetenskaplike studie uit al die verskillende studieterreine te plaas. Met die nodige uitbreiding sal dit seker ook gebeur, maar die stuk van*

*prof. S. P. van der Walt het my weer by vernuwing oortuig dat die Teologie so gereeld moontlik aanwesig moet wees.*

*W. N. Coetzee.*

*P.U. vir C.H.O.*